

GRONDHERVORMING <u>1.Opdrag van die sinode en die ASM:</u> 1.Na die SDR van 9 Junie het die moderator die kommissie gekontak en die versoek van die ASM deurgegee dat die Noordelike sinode en Oos Transvaal se sinode se kommissies moet saamwerk aan 'n dringende verslag vir die ASM. 2.Hierdie kommissies het sewe vergaderinge gehou: 'n gesamentlike vergadering 18 Julie te Pretoria; 'n taakspan 31 Julie te Pietersburg; 'n gesamentlike vergadering 7 Augustus te Middelburg; 'n taakspan 24 Augustus te Louis Trichardt; 30 Augustus te Pretoria met die ASM; 12 September as taakspan van die ASM en 'n gesamentlike vergadering 18 September te Middelburg. <u>2.Werksaamhede van die kommissie</u> Die kommissie het in hierdie proses vier verslae saamgestel: 'n gesamentlike verslag van die twee sinodes wat aan die ASM voorgelê is: dit het bestaan uit 'n verkorte verslag van die verslag wat 9 Junie aan die SDR voorgelê is met getuienisse uit die twee sinodes; 'n verkorte verslag as gespreksdokument vir die ASM met die minister van grondskole; 'n verslag as die getuienis diensgroep van die sinode van Oos Transvaal en die verslag aan die SDR vir 6 Oktober. <u>3.Verslag aan die SDR</u> Hierdie verslag bestaan uit a. Die evaluering en etiese beoordeling van die grondhervormingsproses volgens die riglyne van die algemene sinode b. Verhale oor die grondhervormingsproses uit die sinodes: Noordelik en Oos Transvaal. c. Kerklike bediening aan lidmate.	<u>4.Aanbevelings:</u> Hierdie aanbevelings word by Noordelike sowel as Oos Transvaal se sinode gelykluidend voorgestel. 4.1.Beveel aan dat die verslag oor grondeise (etiese evaluering volgens die beginsels van die Algemene Sinode) in Engels vertaal word. 4.2 Beveel aan dat hierdie verslag (tweetalig) aan elke gemeente beskikbaar gestel word. 4.3 Beveel aan dat die premiers van die onderskeie twee provinsies met hierdie verslag genader word. 4.4 Beveel aan dat die hierdie ontmoetings met die premiers en die uitkomst daarvan openbaar gemaak word. <u>Kommunikasie: inligting, strukture en rolspelers</u> 4.6 Beveel aan dat elke sinode, ring en gemeente verantwoordelike diensgroepe of persone aanwys vir die hantering van grondsake of die kommunikeer van grondsake in betrokke sinodes, ringe en gemeentes. 4.7 Beveel aan dat hierdie diensgroepe ondersteun word deur 1. 'n algemene sinodale diensgroep en 2. "grondsaketafel" by die ASM soos voorgestel deur ds. Thys Smit. 4.8 Beveel aan dat al die onderskeie diensgroepe en sameroepers bedien word met inligting oor grondsake deur 'n net werk van kommunikasie. 4.9 Beveel aan dat die kerklike media genader word om spesifieke ruimte te gee
--	---

aan grondsake deur deurlopende nuusdekking en inligting. 4.10 Beveel aan dat kerklike besluite en optredes op 'n deurlopende wyse deur die onderskeie sinodes aan landbou-organisasies deur gegee word. 4.11 Beveel aan dat die onderskeie diensgroepe in sinodes, ringe en gemeentes vroue en die jeug sal insluit in hulle samestelling 4.12 Beveel aan dat ringe en kerkrade versoek word om .1 plaaslik standpunt in te neem oor die onreg en onetiese optredes in grondsake .2 om hierdie standpunt innames en optredes in die openbare media op plaaslike en nasionale vlak openbaar te maak. Navorsing. 4.13 Beveel aan dat die sinodes Oos Transvaal en Noordelik die leiding neem vir 'n kundige ondersoek om die geheelbeeld en geheelimpak van die sosiale en ekonomiese gevolge van die grondeise aan die orde te stel.	Samewerking: 4.14 Beveel aan dat die werksaamhede oor grondsake steeds in eenheid met die sinode van Oos Transvaal voortgesit word. . 4.15 Die SDR besin oor die integrering van die diensgroepwerk in ons eie verband.
--	--

VERSLAG GRONDHERVORMING 2006: VAN DIE KOMMISSIES VIR GRONDEISE VAN DIE NOORDELIKE SINODE EN OOS TRANSVAALSE SINODE.

DIE EVALUERING EN ETIESE BEOORDELING VAN DIE GRONDHERVORMINGSPROSES VOLGENS DIE RIGLYNE VAN DIE ALGEMENE SINODE

Die impak van grondeise en die hantering van grondeise op die landbou-gemeenskappe, is soortgelyk aan die impak van die verskuiwing van gemeenskappe in gebiede soos Distrik Ses in Kaapstad en die gemeenskappe wat verskuif is in die ou "Tuislandbeleid": totale landbougemeenskappe word verplaas, ontwig en disintegreer. Die kollektiewe bewussyn van en

herinnering aan hierdie trauma, met die onreg waarmee dit gepaard gaan, gaan vir geslagte lank 'n invloed op verhoudings hê en die gang van die geskiedenis in Suid Afrika bepaal.

In die huidige hantering van grondeise vind daar strukturele verontmensliking plaas van ons lidmate: hulle word deur die staat se hantering en amptenare verontmenslik in hulle basiese reg op besit, diensbaarheid en toewyding aan die openbare gemeenskap.

Dit gebeur omdat die huidige proses van grondeise verkeerd loop.

Die kommissie het tot die kernbeskrywing van die proses wat verkeerd loop gekom uit sy evaluering van die proses volgens die riglyne van die Algemene Sinode.

1. Die Algemene Sinode stel dat grondhervorming op 'n gesonde landbou-ekonomiese grondslag moet berus

1.1 Die stelsel waarvoor die staat gekies het, om privaatgrond in trust en nie in privaatbesit te plaas nie, maak grond waardeloos. Dit het geen markwaarde nie en kan nie as sekuriteit binne die vryemarkstelsel gebruik word nie.

1.2 Behoeftes aan meer kommunale grond en die ontwikkeling van swart opkomende kommersiële boerdery, is twee heel verskillende sake.

1.3 Die stelsel waarvoor die regering gekies het, maak dit baie moeilik vir opkomende swart kommersiële boere. Hulle kan nie privaat grondeienaars word nie. Waar swart kommersiële boere wel bestaan, moet hulle nou boer in kompetisie met staatsgesubsidieerde maatskappye wat winste nie soseer uit die boerdery maak nie, maar uit aanverwante bedrywe soos uitvoer en winkels op die produk waarvoor hulle nou feitlik 'n monopolie verkry het.

1.4 Hierdie stelsel maak dat opkomende swart kommersiële boere sonder toegang tot kommersiële finansiering moet boer omdat die grond geen waarde het vir banklenings nie. Dit is 'n stelsel wat ongelyk en onregverdig is teen opkomende swart kommersiële boere.

1.5 Dit skep die geleentheid vir persone wat geen eie landboubelang het nie om hulleself te verryk uit die posisie wat hulle in die maatskappye wat op trustgrond boer, verkry.

1.6 Die stelsel skep die situasie dat die eisers wat grotendeels geen belang in landbou het, of die kapasiteit om landbou te bedryf het nie, landbou kan sien as 'n geleentheid om geld te verkry vir hulle stam- of kommunale stelsel.

1.7 Hierdie stelsel veroorsaak desinvestering van kundigheid en geld terwyl die staat nou moet instaan vir die kapitaal want party van die bestaande kommersiële boere vat die geld wat hulle vir hulle plase kry, en tree heeltemal uit die landboubedryf.

1.8 Die proses waarvolgens strategiese vennote aangewys word en grond toegeken word aan maatskappye om te boer is heeltemal ondeursigtig. Baie goeie voorstelle is ingedien waar bestaande boere met plaaslike stamhoofde onderhandel het en die stamhoofde die bestaande boere met werkbare en billike kontrakte op die plase wou hou. Sonder enige verduideliking is geen van hierdie aanbevelinge aanvaar nie.

1.9 Kundige arbeiders verloor noodwendig hulle werk. Hierdie proses is in teenstelling met wet op diensaflegging. Maar dit is die boere wat onder verdenking gebring word vir die werksverlies van die arbeiders.

1.10 Die oordra van landbou aan enkele groot maatskappye maak dat hele landbougemeenskappe disintegreer.

1.11 Waar grond oorgedra word aan persone sonder kundigheid en ondervinding, stort bestaande boerdery ineen. Die regering stel dat hulle 'n "tweede kans" moet kry, op dieselfde patroon van mislukking: sonder kundigheid en ondervinding, as die eerste kans: ongeveer 'n honderd plase in Limpopo en Mpumalanga het reeds misluk en is al weer "teruggevat."

2. Die Algemene Sinode stel dat die grondhervorming deel moet uitmaak van 'n omvattende ontwikkelingsprogram

2.1 Daar is geen sodanige beplanning of program bekend nie.

2.2 Die skynbare gebrek aan 'n omvattende ontwikkelingsprogram is duidelik uit die volgende voorbeelde van die gevolge van die huidige proses:

2.2.1 Die ironie is dat bestaande swart boere, byvoorbeeld in die Nwanedi gebied, Limpopo provinsie, uitgekoop word vir "grondhervorming." Hulle wat eintlik as voorbeeld vir 'n ontwikkelingsprogram moet dien, word nes die kommersiële wit boere ter syde gestel.

2.2.2 Maatskappye wat die verantwoordelikheid kry om te boer, mag net vir 10 jaar boer en moet dan alles net so weer aan die eisers oordra.

2.2.3 Die subtropiese landboubedryf in die Limpopo- en Mpumalanga provinsie se produkte neem vanaf aanplanting ses tot twaalf jaar om net in 'n geldelike gelykbreek posisie te kom. Dit is vandat byvoorbeeld die neut of avokadoboom geplant word tot volle produksie.

2.2.4 Die maatskappy kan en gaan nie 'n ontwikkelingsprogram hê waar byvoorbeeld nuwe boorde teen groot koste gevestig word nie. Hulle gaan dit wat kommersieel opgebou is deur die boere, net bedryf vir die tydperk waarvoor hulle aangestel is. Hulle sal nie ontwikkelings begin waarvan hulle nie winste gaan kry nie. Dit beteken dat die landbou bedryf gestagneer sal bly op die vlak waarop dit was tydens oordrag. Wat in die landbou-ekonomie stagneer gaan onmiddellik agteruit. Aan die einde van 10 tot 15 jaar is die huidige top boorde verby hulle beste.

2.2.5 Die landboubedryf wat na 10 of vyftien jaar oorgedra sal word, sal ou boorde wees wat nie meer produktief is nie en hierdie ou boorde sal dan produktief deur die eisers geboer moet word.

2.2.6 Landbou is nie 'n statiese bedryf nie. Aanhoudend word bestaande kultivars vervang. Bestaande produkte verloor hulle internasionale mededingendheid. Dit moet voortdurend met nuwe produkte vervang word. Die stelsel waarin ons nou is, kan reeds en sal nie hierdie fluktuering van produksie verreken nie. Die Suid-Afrikaanse landbou gaan sy internasionale kompeteerbaarheid verloor en het nie binnelands 'n mark vir dit wat in die buiteland verlore gaan nie.

2.2.7 Bestaande geleenthede om met die huidige kommersiële boere 'n omgewing te skep waar hulle as ondersteuners, mentors en strategiese vennote kon optree, word vernietig.

2.2.8 Gespesialiseerde landboukundigheid word uit die Limpopo en Mpumalanga provinsies, wat arm is, en baie ongeskoolde arbeid het, gedreineer na die ryker provinsies: byvoorbeeld, die Makadamia bedryf van Levubu in die Limpopo provinsie is besig om in die Wes-Kaap hervestig te word.

2.2.9 Dit gebeur tans ook met ons buurlande. Piesangboere van Suid Afrika trek oor na Mosambiek en produseer goedkoper piesangs, sonder minimum lone en munisipale belastinge, wat weer in Suid Afrika verkoop word en die eie mark, wat nou innerlik deur oorregulering verlam word, gaan oorspoel. Ons eie boere skep nou werk vir ander lande en bou die kompetisie op teen ons eie markte.

2.2.10 Daar is geen geïntegreerde en deelnemende strategie van ander regeringsdepartemente met die landbou departement in hierdie saak nie.

2.2.11 Boere is nie net boere nie. Hulle bedryf ander besighede naas boerdery vir kontantvloei. Hierdie besighede sluit en word nie deur die enkele maatskappye wat inbeweeg vervang nie. Welvaartskeppende bronne word vernietig en skep 'n armoede siklus in die gebiede wat die boere verlaat.

2.2.12 Plaasarbeiders is kundiges op hulle gebied. Die teeplukkers is Suid Afrika het meer tee per uur gepluk as in enige ander wêrelddeel. Die disintegrering van die totale teebedryf beteken dat vaardige selfrespekterende arbeiders nou werklose afhanklikes word. Dit geld vir al die ander boerderybedrywe.

2.2.13 Die uitverkoop van hulle boerderye beteken dat boere alle bestaande landbou toerusting op hulle plase uitverkoop. Hulle word nie daarvoor vergoed nie. Dit devalueer die landbou omgewing.

3. Die Algemene Sinode stel dat die grondhervorming billik en so ver moontlik markverwant moet wees

3.1 Eisers kry gratis regshulp by die regshulpraad, die Human Rights Commission of van internasionale skenkers met bystand van staatsprokureurs. Boere kwalifiseer volgens inkomste skale outomaties nie vir regshulp nie.

3.2 Een behoorlike hofsak waarin 'n boer moet poog om billikheid te verkry, kan tot 'n driekwart miljoen rand kos.

3.3 Die beginsel van kollektiewe bedinging vir die boere is deur die howe tot niet verklaar.

3.4 Boere moet instaan vir die baie kostes van die staatsproses, maar indien boere vrywillig verkoop verloor hulle tussen 30% – 40% van die waarde van hulle vergoeding van die plase deur die staat. Hy moet steeds kapitaalwinstbelasting en inkomstebelasting betaal op die geld wat hy vir sy plaas kry. Dit sluit die belasting van die aankoop van nuwe grond en hervestigingskoste uit. Die boere wat nie vrywillig verkoop nie, het aansienlik minder kostes. Maar die regering stel die boere wat nie vrywillig aanbied nie, voor as moedswillige mense wat obstruksie pleeg, vyande van versoening is en doelbewus ondermynend optree en word dan met onteiening gedreig.

3.5 Boere verloor hulle inkomste-generende besighede se waarde sonder vergoeding: hulle kry niks vir besighede soos slaghuise en gasthuise wat hulle as 'n noodsaaklike deel van hulle plaas se instandhouding bedryf nie.

3.6 Die aanvanklike aanbieding per hektaar was billik, maar die staat hanteer die eise so stadig dat die waarde al minder word en die boer moet die koste dra om te beding vir die herwaardering van die plaas. Die eiendomsmark het tussen 2002-2005 100% gestyg sonder dat dit enigsins in die grondeise proses gereflekteer is;

3.7 Die staat hanteer die eise ook sonder deursigtigheid en terugvoering.

3.8 Die grondproses het die markwaarde van grond wat nie geëis is nie, so verhoog dat die waarde wat die staat vir opgeëiste grond betaal, nie meer 'n boer in staat stel om dieselfde boerdery op 'n ander plaas te kan voortsit nie.

3.9 Die huidige proses het niks nie of uiters min met restitusie te doen. Baie boere verkoop weens plaasaanvalle en die dreigemente van die regering. Hulle wil nie as enkelinge die staat opponeer nie, maak nie meer saak hoe onbillik hulle behandel word nie.

3.10 Boere bied hulle grond aan omdat hulle nie meer met die lonebeleid, die subsidiebeleid en die opeis van water- en munisipale-belastings kans sien om ekonomies in Suid Afrika te boer nie.

3.11 Die propaganda van die staat hou die boere vir die stadige gang van die proses verantwoordelik, terwyl dit ekonomies meer voordeling is om 'n eis teen te staan en dit die rompslomp, onbekwaamheid en korrupsie van amptenare is wat die proses vertraag.

4. Die Algemene Sinode stel dat die grondhervorming 'n gesonde juridiese basis moet hê

4.1 Die grondeise konsep het in wetgewing 'n gesonde basis.

4.2 Die krisis in die huidige proses gaan oor die uitvoerende gesag, nie oor die wetgewende gesag nie: dit gaan oor die uitvoering van beleid nie soseer die wetgewing nie.

4.3 Die amptenary gee eiesinnige en ideologiese interpretasies, daar is korrupsie en die hele proses word volgens krisisbestuur geregleer.

4.4 Daar is nie 'n geïntegreerde plan nie, dit word nie resultaat gedrewe uitgevoer nie.

4.5 Die huidige proses is nie restitusie nie en die grond word nie die privaat eiendom van die eisers nie. Dit word in trust gehou, sonder dat die eisers titelaktes kry.

4.6 Die boere gee nie die grond vir restitusie nie. Hulle verkoop weens die dreigemente van die owerheid; weens die vrees dat die geld vir die aankoop van hulle plase gaan opraak; weens die onsimpatieke houding van regering wat teen die boere uitsprake maak, maar nie teen die eisers nie; die arbeidswetgewing; waterbelasting; munisipale wetgewing; dreigemente van onteiening deur die staat en weens die onveiligheid wat hierdie proses vir boere skep.

4.7 Inligting ten opsigte van geregistreerde eise sowel as gepubliseerde eise word nie aan betrokkenes bekend gemaak nie – selfs op versoek en/of onder druk. Dit is ten opsigte van die eisers, die eise dokumente sowel as die geskiedenis van die eisers. Die wet bepaal dat sulke inligting bekend gemaak móét word op versoek, maar dit gebeur nie.

5. Die Algemene Sinode stel dat die grondhervorming met sensitiwiteit, omsigtigheid en nutterheid hanteer moet word en nie 'n politieke speelbal moet word nie

5.1 Die proses is rasgedrewe. Dit wil die besit van landbougrond herverdeel volgens 'n konsep wat die besit van landbougrond volgens die kleur samestelling van die bevolking wil bepaal, ongeag die konsekwensies vir landbouproduksie.

5.2 Die proses lei tot sosialisme: aangesien dit nie gaan oor restitusie nie, want die eisers kry nie eiendomsreg nie. Dit word in 'n trust gehou, waarin die regering die effektiewe mag uitoefen. Dit ontnem die geleentheid vir die opkoms van privaat kommersiële swart boere.

5.3 Die omvang van die werksverlies en afname in voedselproduksie is 'n opkomende sosiaal-maatskaplike ramp wat groot armoede gaan skep.

5.4 Die amptenary is nie sensitief genoeg nie, byvoorbeeld, dit is ironies dat die vrywillige verkopers van die diepste vernederings van die regering moet verduur: in 'n vergadering waarin die vrywillige verkopers gevra het waar hulle ander grond moet koop, het die verantwoordelike amptenaar in Limpopo provinsie gesê: "Try Australia," die inspeksies vir finale verkoop word gekenmerk deur vernederings en arrogantheid van mense wat as klerke optree.

5.5 Met die huidige proses bestaan die gevaar dat Suid Afrika 'n netto invoerder van voedsel kan word. Dit ontnem die land se voedsel sekuriteit en ondermyn die land se selfrespek.

5.6 Die magsvertoon waarmee hierdie saak gedryf word, getuig nie van sensitiwiteit, omsigtigheid of nugterheid nie.

5.7 Die sentralisering van landboubesit en -produksie in enkele monopolistiese maatskappye wat binne regeringsbeheer is, skep die gevaar dat voedsel 'n politieke wapen word.

6. Die Algemene Sinode stel dat die grondhervorming positief aangepak moet word as 'n noodsaaklike en integrale deel van die nasionale versoeningsproses

6.1 Die omvang van die eise, 88% van beskikbare landbougrond in die Limpopo provinsie, die feit dat gebiede totaal opgeëis word en alle kommersiële boere uit 'n gebied verdryf word, die beleid van grond-in-trust wat op 'n ondeursigtige wyse net aan monopolistiese maatskappye toegeken word, maak dat grondhervorming nie deel is van 'n nasionale versoeningsproses nie.

6.2 Die bestaande kommersiële boere met hulle kundigheid en vermoëns word nie met hulle bereidwilligheid om in Afrika met die eiesoortige uitdagings wat Suid Afrika aan landbou stel, ingesluit nie. Hulle word as boere uit die landboubedryf uitgekoop en ter syde gestel. Byvoorbeeld: die boer van die jaar, 'n jongman van Levubu, se plaas word aan 'n monopolistiese maatskappy gegee en hy word net uit die landbou gerangeer.

6.3 Dit is onverantwoordelik om die huidige proses van grondhervorming as versoening voor te hou:

6.3.1 Dit gee aan die huidige proses wat tot 'n maatskaplike- en sosiale ramp gaan lei, morele geloofwaardigheid.

6.3.2 Egte versoening regverdig nie onregmatighede, die onbillikhede, die magsug en gierigheid waarin alles in 'n monopolistiese bedryf opgeraap word, as 'n proses wat die boere moet aanvaar nie.

6.3.3 Dit stel die vernietiging van kommersiële landbou as 'n versoeningsoffer voor.

6.3.4 Dit polariseer die platteland en stede: dit word voorgehou asof hierdie proses vinnig afgehandel moet word, sodat die ekonomie van die stede, sonder die gewetenslas van die grondeise kan voortgaan.

6.3.5 Dit isoleer die opkomende swart kommersiële boere buite die landbou ekonomie en regverdig die selfverryking van 'n opportunistiese swart elite.

6.4 Die huidige grondhervormingsproses stel die boere in wanhoop. Hierdie wanhoop is nie sommer maar net 'n ongemotiveerde gevoel nie. Die werklikheid is dat kommersiële landbou met die huidige grondhervormings uitsigloos is. Boerdery in Suid Afrika het in die drif en gedreweheid van die huidige proses van "grondhervorming" nie meer 'n goeie toekoms nie. Vir die Kerk om hierdie proses van wanhoop in die taal van Bybelse versoening te klee, vervreem boere van die Evangelie en die troos van die God se Voorsienigheid wat aangekondig moet word in die werklikhede van ekonomiese onderdrukking.

7. Die Algemene Sinode stel dat die grondhervorming met ekologiese oorweginge rekening moet hou

7.1 In die grondeise het ekologiese terreine en gebiede op plase wat deur die boere vir geslagte bewaar is en uit die ontbossing vir boerdery gehou is, 'n nulwaarde. Dit word glad nie deur die staat in die proses van grondhervorming ekonomies verreken nie.

7.2 Die oordrag van kommersiële plase aan enkele monopolistiese maatskappye beteken dat plase se huise verhuur word aan mense wat geen belang het by boerdery en net enkele bestuurders aangestel word in die plek van baie boere wat die plase verlaat. Boere het hulle ekologiese gebiede teen wilddiefstal en houtkappery beskerm. Hierdie beskermingsnetwerk disintegreer en wilddiefstal en ontbossing gaan hand aan hand met die oorname van plase deur die maatskappye.

7.3 Die meeste wildplase is nou in die Limpopo Provinsie op geëis. Die regering vergoed die boere net vir die grond en nie vir die wild nie. Die effek hiervan gaan wees dat die boere al die wild sal uitskiet en verhandel. Dit sal die opbou van wildplase en die bewaring van wild in die landbougebiede in sy geheel vernietig.

8. Die Algemene Sinode stel dat die grondhervormingsproses so gou as moontlik afgehandel moet word

8.1 Die huidige hantering van die grondhervorming maak dat moontlike opkomende swart boere ontmagtig word: binne die devaluering van die landbouomgewing en sentrerings van produksie in maatskappye wat net 10 jaar vir eie gewin boer, maak vernuwings en innovasies onmoontlik.

8.2 Die grondhervormingsproses kan nie in 'n eienmagtigheid buite hierdie globaliserende kragte deurgevoer word nie. Die wêreld se landbou-ekonomie gaan nie by Suid-Afrikaanse regering se landboubeleid inval nie.

8.3 Die huidige hantering van die regering is gefokus om die eienaars van bestaande landbouproduktiewe grond so gou as moontlik te verander van wit na swart. Dit is volgens die beleid dat grondbesit die rassiesamestelling van die gemeenskap pro rata moet verteenwoordig.

8.4 Hierdie proses bring egter nie landbougrond in swart kommersiële boere se besit nie. Die plasing van grond in trust maak die besit van kommersiële landbou feitlik onmoontlik – in elk geval vir die volgende 10 jaar. Ten opsigte van opkomende swart kommersiële boere is dit 'n proses wat alles vertraag, nie versnel nie.

B. VERHALE OOR DIE GRONDHERVORMINGSPROSES UIT DIE SINODES: NOORDELIK EN OOS TRANSVAAL

B.1 DIE VERLOOP VAN DIE GRONDHERVORMINGSPROSES IN LIMPOPO MET SPESIFIEKE VERWYSING NA LEVUBU

Die plaas Levubu 15LT is na afloop van die Tweede Wêreldoorlog in 'n klompie kleiner eenhede van ongeveer 25 ha elk opgedeel.

Nadat die grondeise op die plaas Levubu 15 LT in 2000 in die staatskoerant publiseer is, het eienaars as volg reageer:

Aanvanklik is almal eensgesind en word op 'n gemeenskapsvergadering besluit om die geldigheid van die eis teen te staan, regverteenoordigers word aangewys en fondse ingesamel om die regsaksie te finansier.

Die grondeise kommissaris belê 'n vergadering in Thohoyandou met die eienaars van 'n hele aantal plase bo en behalwe Levubu, waartydens die eisers ook teenwoordig is. Tydens hierdie vergadering (wat baie ongeorganiseerd was) stel Levubu se regverteenoordigers dit dat die grondeienaars die eis as ongeldig beskou en versoek dan ook die dokumentasie wat die redes vir die geldigheid van die eis aandui. Sodanige dokumente kon tot op hede nog nie verkry word nie.

Tydens hierdie vergadering verklaar die eisers dat hulle nie die grond wil hê nie, maar wel die titelaktes. Hulle stel voor dat die huidige grondeienaars die grond kan terughuur vir 'n onbepaalde tydperk. Hierop stel die grondeise kommissaris dit dat boere dus net hul titelaktes moet indien om die proses te bespoedig.

'n Verdere vergadering vind plaas tussen die partye met min of meer dieselfde strekking, waarna daar 'n periode van stilte volg.

Hierna reageer boere op verskillende wyses.

- Eerstens was daar 'n groep wat dadelik hul grond aan die regering te koop aangebied het (Die sg. Groep 23)
- Tweedens was daar 'n groep wat die eis verwerp het en aangedui het dat hulle dit sal beveg in die grondeisehof.
- Derdens was daar 'n groep wat 'n wag en sien houding ingeslaan het.

Namate onderhandelings tussen die staat en die eerste groep gevorder het, is daar weer aangedui dat boere hul grond sal kan terughuur nadat die eis afgehandel is. Op grond hiervan, asook gebaseer op die inligting wat beskikbaar geraak het betreffende die waardasie van grond, het 'n verdere nagenoeg 40 boere hul grond aan die staat te koop aangebied, hoofsaaklik uit die geledere van die derde groep.

Argumente wat aangevoer is oor hoekom boere hul grond moet verkoop was o.a.:

- Verkoop jou grond terwyl die staat nog geld het om te betaal.
- Dieselfde lot as wat boere in Zimbabwe tref is, in alle geval ons lot en op hierdie stadium is daar ten minste vergoeding betrokke.
- Privaat grondbesit is 'n vreemde konsep in Afrika en sal hier ook vervang word met 'n huurpagstelsel.
- Blankes moet hergroepeer en gaan woon in gebiede waar hulle 'n meerderheid kan vorm.
- Die grondhervormingsproses het in alle geval die mark vir grond so nadelig geraak dat daar nie noemenswaardige vraag na grond is nie, en boere wat uit die landbou wou tree het hierdie as die enigste alternatief gesien.
- Die winsgewendheid van landbou is onder druk en hierdie word as 'n manier gesien om uit die landbou te kom.
- Oor die langtermyn sal die Suid Afrikaanse ekonomie die res van Afrika se voorbeeld volg, die Rand sal devalueer en ons geld sal geen waarde in die buiteland hê nie. Verkoop nou en belê in buitelandse beleggings om armoede te voorkom.

Na 'n lang en uitgerekte proses, hoofsaaklik weens vertragings deur die Departement van Grondsake (5 jaar sedert die eis bekend geword het), is die eerste boere se grond gekoop en aan die eisers oorhandig. In hierdie vyf jaar het grond se waarde dramaties gestyg. Die boere wie se grond gekoop is en weer wou boer, moes as gevolg van die lang tyd wat dit geneem het om die eis af te handel, grond teen aansienlik hoër markpryse elders aankoop.

Dit dien ook daarop gelet te word dat daar sedert die eerste onderhandelings nadat die eis gepubliseer is, nog geen betekenisvolle kommunikasie van die kant van die Departement met die tweede groep boere was nie. Dit lei noodwendig tot nadelige gerugte en spanning tussen die boere en die Departement.

Een van die noodwendige gevolge van die proses is die disintegrering van die landbougemeenskap. Dit kan lei tot 'n bitter twis tussen die verskillende groepe boere wat tot 'n onherstelbare breuk en ongekende trauma in die gemeenskap tot gevolg het. Om die proses wat met die verlies van grond gepaardgaan, te bestuur, is 'n haas onmoontlike proses vanweë die emosionaliteit van die aangeleentheid en die botsende ekonomiese belange by die proses betrokke.

Ter wille van nasiebou in Suid-Afrika is dit dringend noodsaaklik dat die regering rekening hou met sodanige belewenisse.

Die verloop van die grondhervormingsproses nadat die grond gekoop en oorhandig is:

Die eerste groot probleem wat ontstaan is dat die proses so lank en uitgerek is dat boere onseker raak oor wat gaan gebeur. Daar is geen beplanning vir die oorgangstyd nie. Boere hou op om hul plase met 'n langer termyn visie as net die volgende oes te bestuur. Waar boere beseft dat hulle nog net een oes gaan afhaal staak hulle alle bestuursaktiwiteite wat langer termyn van aard is.

Hier word met langtermyn gewasse geboer en wat nou gebeur, bepaal wat oor 'n jaar en selfs langer vorentoe gaan gebeur. Die toekomstige potensiaal van boorde word dus negatief geraak.

Sover bekend is alle grondeise in Limpopo nie deur individue nie maar wel deur tradisionele stamgemeenskappe. Dit beteken dat grond uit privaatbesit na kommunale besit oorgeplaas word. Die gebreke van 'n kommunale grondbesit stelsel is alombekend.

Die stelsel wat in Limpopo gevolg word, is dat daar na oorhandiging van die grond aan die eisers 'n strategiese vennoot aangewys word om saam met die eisers in maatskappy te boer op hierdie grond. Van die voorwaardes wat aan so 'n strategiese vennoot gestel word, is dat die eisers na 'n periode van 10 jaar in staat moet wees om die projek selfstandig te kan bedryf op so 'n wyse dat die strategiese vennoot geen verdere rol te speel het in die bedryf van die onderneming nie en sy belang in die maatskappy aan die eiser gemeenskap moet oordra. Die grond mag ook nie gedurende hierdie tydperk finansieel belas of beswaar word nie. Dit is die verantwoordelikheid van die strategiese vennoot om die nodige kapitaal vir die bedryf van die maatskappy te voorsien.

In die geval van Levubu is daar grond oorhandig aan ongeveer 4 eisergroepe. Daar is slegs twee strategiese vennote aangewys om al hierdie grond in samewerking met die eisers te bestuur. Dit beteken dat twee maatskappye nou boer waar 60 boere voorheen 'n bestaan gemaak het. Een van hierdie maatskappye word beheer deur 'n groep boere wat ander aangespoor het om hul grond te verkoop. Die persepsie ontstaan dus dat hierdie boere ander boere aangemoedig het om hul grond te verkoop sodat hulle beheer oor daardie grond kan verkry. Die ander maatskappy wat dan ook sowat 70% van die grond gaan bestuur wat in Levubu oorgedra is, is ook betrokke by die bestuur van groot dele grond wat in die Hazyview gebied oorgedra is. Dieselfde geld die Tzaneen/Letaba omgewing asook groot projekte soos Zebediela en Lisbon Estates in die Hoedspruit omgewing. Dit terwyl geen van die individuele voorleggings wat kleiner boere gemaak het t.o.v. die huur van grond suksesvol was nie. Die algemene gevoel is dat boere met voorstelle van huurkontrakte om die bos gelei is om hul grond in die hande te kry, en dat daardieselfde boere daarna uitgestoot word. Dit is dus duidelik dat hier ongesonde konsentrasie van ekonomiese mag aan die vorm is.

Boere het ongeveer 60% van die landbougrond in Levubu te koop aangebied. Die hele nedersetting is egter onderworpe aan die eis. Daar is gedurig klagtes in die media (deur die staat) dat boere die "probleem" is in die stadige afhandeling van die grondhervormingsproses. Dit is egter onteenseglik die staat se gesloer wat gelei het daartoe dat boere 5 jaar en langer moes wag om hul grond verkoop te kry. In 'n onlangse artikel in die Landbouweekblad is die dept. van grondsake aangehaal as sou daar nou 200 plase in Levubu wees wat onteien gaan word. Daar bestaan eenvoudig nie 200 plase in Levubu wat onteien kan word nie.

Dit is deur die grondeise-kommissaris erken dat 88% van landbougrond in Limpopo geëis is. Dit is die staat se verklaarde beleid dat 30% van alle landbougrond teen 2015 landwyd deur swart boere besit moet word.

Waarheen gaan die boere wat deur die proses geraak word en hul grond verloor?

Wat sal die invloed van die verlies van kundigheid wees op voedselsekerheid indien al hierdie boere en hul kundigheid verlore gaan?

Wat sal die invloed van die verlies van produksie wees op die landelike ekonomie van 'n provinsie wat alreeds gekenmerk word deur chroniese armoede?

Wat sal die effek van konsentrasie wees op die indiensneming van arbeid in 'n provinsie wat gekenmerk word deur die hoogste werkloosheidskoers in die land?

Ens.

B2

SINODE VAN OOS-TRANSVAAL

**VAN DIE
NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
DIENSPROJEK GRONDEISE**

HOEDSPRUIT (KAMPERSRUS) se STORIE

In Augustus 2004 is daar in 'n Staatskoerant aangekondig dat ongeveer 80 000 ha grond, meer as 500 titelaktes, deur groepe Swartmense uit die omgewing van die Staat geëis word. Die Blyderivier besproeiingsgebied en Hoedspruit dorp word hierby ingesluit.

Die eienaars (plaaslike boere en sakelui), het dadelik 'n vergadering belê. 'n **Komitee** is verkies om namens al die Eienaars met die Owerhede te onderhandel. Almal het onderneem om slegs deur die **Komitee** met die Grondeise Kommissaris en sy amptenare te onderhandel.

'n Week later het amptenare van die Kommissaris die sogenaamde “Reël 3 verslag” op die Eienaars gedien en afskrifte van die Eisers se “bewyse” van hul aansprake beskikbaar gestel.

Die Eienaars het besluit om dadelik navorsing te laat doen en het vir die doel 'n ervare en kundige antropoloog gekontrakteer. Sy verslag het bevind dat die eise op uiters wankelrige bene staan en het 'n ernstige vraagteken geplaas oor die vooraf navorsing deur die Kommissaris en sy personeel.

Op 22 Oktober 2004 is die Kommissaris verwittig dat die Eienaars die eis as ongeldig beskou, maar gewillig is om te onderhandel op die basis dat

- al die plase wat in die Staatskoerant gelys was, vrygestel word van verdere eise;
- ons dadelik sal help om die 30% landbougrond wat die Staat teen 2014 in Hoedspruit omgewing aan opkomende boere wil toeken, te identifiseer en die aankoop daarvan te bevorder en
- die Eienaars deur “mentor-modelle” sal help om die nuwe boere op te lei en te vestig.

Die Kommissaris het hierdie voorstelle van die tafel afgegee en wou dit nie eers bespreek nie.

'n Klein groepie Eienaars wat buitendien hulle grond wou verkoop, het agteraf begin onderhandel met die Kommissaris en die Eisers. Die optrede was strydig met wat op die gesamentlike vergaderings besluit was en het tot groot ongelukkigheid gelei omdat die **Komitee** gewillig was om ook “gewillige verkopers” se sake te hanteer. Die gevolge hiervan was dat harde woorde in die gemeenskap geval het, mense is “verraaiers en onderkruipers” genoem en verhoudinge is uiteraard ook in die gemeente versteur. Die Kommissaris en sy personeel het die gebeure aangegryp om alle bande met die **Komitee** te verbreek – strydig met hul juridiese opdrag om die “grondeise-proses te fasiliteer”.

Talle afsprake, briewe, fakse en eposstukke deur die **Komitee** of hul prokureurs met/aan die Kommissaris en sy personeel het geen aandag ontvang nie – slegs ongeveer 20% het reaksie uitgelok. In Januarie 2006 het die Eienaars se regverteenvoerders, in die lig van die beskikbare inligting oor die geldigheid al dan nie van die eise, die Kommissaris gevra vir “'n Hersiening van die eis”. Dit sou aan die Kommissaris die geleentheid bied om die eis terug te trek. (Die Restitusie Wet maak geen voorsiening daarvoor dat Eienaars 'n Grondeise-kommissaris voor die hof kan daag nie).

Op 17 Februarie 2006 tydens 'n gesprek met Kommissaris personeel en Eisers is die **Komitee** daarvan beskuldig dat hulle die eise vertraag. Die Kommissaris is toe uitgedaag om die Eienaars hof toe te neem. In Junie 2006 is die aangeleentheid deur die Kommissaris na die Grondeisehof verwys. Op hierdie stadium is 139 Eienaars en 205 titelaktes by die saak betrokke. 'n Regter is reeds vir die saak aangewys.

Die Hoedspruit gemeenskap beleef die hantering van die grondeise as:

- sosiaal en ekonomies destabiliserend en ontwrigtend;
- strydig met die voorskrifte van die toepaslike Wet en Regulasies;
- hanteer deur onbekwame of dalk onervare en leierlose amptenare;
- “bestuur” deur 'n onbetrokke Kommissaris;
- vyandig teenoor grondeienaars se belange;
- ondergrawend van die goeie rasseverhoudinge wat in hierdie gemeenskap, met 'n uiters lae voorkoms van misdaad, bestaan.

Die aanvaarding deur alle partye wat by grondhervorming betrokke is, van die **Kriteria** soos in dr. Coenie Burger se skrywe van 3 Julie 2006 voorgehou, sal vir Suid-Afrika 'n nuwe era inlei.

D.A. Scholtz
15 Augustus 2006

B3 Verslag van Mnr. Johan Roux oor sy belewenis van grondeise op verskillende dele van sy plaas

Mnr. Johan Roux vertel dat 5 plase in die omgewing ge-gazette is sonder dat enige een van die boere kennis gekry het daarvan. Na 3½ jaar kon daarin geslaag word om die geldigheid van sekere eise te laat ondersoek. Op sekere plase is grafte deur “afstammeling” uitgewys. Hier sg. “afstammeling” getuig dat hulle op hierdie plaas gewerk het, maar dat hulle vir vier jaar op die dorp gaan werk het. Toe hulle na vier jaar terugkom van die dorp af wou die eienaar nie sy werk vir hom teruggee nie. In 'n ander geval het 'n persoon weggetrek en op 'n ander plaas gaan woon. Op verskeie plase kon nie 'n enkele graf uitgewys word nie. Die vraag word gestel: Kan 'n graf, wat dikwels net 'n houpie klippe is, 'n aanduiding wees dat die persoon eienaarskap van 'n stuk grond het? Is dit nie eienaardig dat daar in die afgelope aantal jare ewe skielik so baie grafte op plase verskyn het?

Die plaas, Doornpoort geleë tussen Stoffberg en Groblersdal. Mnr. Roux is bewus van twee eise van twee verskillende persone. In die eerste geval was die persoon die vrugmotorbestuurder op mnr. Roux se plaas. Op 'n goeie dag het hy kom sê dat hy nou 'n taxi gekoop het en nie meer gaan vrugmotor bestuur nie. Tans is hierdie persoon se broer 'n vrugmotorbestuurder op mnr. Roux se plaas en die persoon se ma is steeds woonagtig op die plaas. Volgens mnr. Roux se inligting woon die eiser tans op die plaas Tafelkop, maar in die eisvorm skryf hy dat hy steeds op die plaas woon en *“I don't want to leave my place”*.

Die tweede eiser is gebore in 1926 en reeds in 2000 oorlede. Volgens hierdie persoon se sterftesertifikaat was hy “Unmarried”. In 2004 verklaar 'n vrou dat 'n seun Abraham moet optree namens die oorledene. Volgens hierdie vrou se ID-dokument is sy gebore in 1940. Die seun Abraham is gebore in 1952. Toe die eis gepubliseer is, word genoem dat die eis ingedien word namens 'n gemeenskap. Tot datum kon glad nie vasgestel word wat die naam van die gemeenskap is nie. Daar kan ook nie vasgestel word hoe groot die gemeenskap is nie. Die ironie van die saak is dat daar geen tekens is dat daar ooit 'n gemeenskap op die plaas gewoon het nie. Reeds in 1884 het 'n mynmaatskappy wat destyds die mineraalregte gekoop het, suipingsreg uitgehou. Die plaas is in 1884 in drie dele verdeel en in daardie transportakte word reeds melding gemaak van die “ou werf”. 'n Baie duidelike aanduiding dat daar destyds reeds blanke bewoning op die grond was.

Die plaas Blinkwater: Mnr. Johan Roux word deur die kommissaris in Witbank kennis gegee dat hy op 'n sekere dag om 09:00 daar sal wees om sekere grafte uit te wys. Die kommissaris toon 'n algehele minagting vir mnr. Roux se werkprogram deur meer as 'n uur laat op te daag vir die afspraak. Nadat hulle heelwat rondgery het, wou die kommissaris toe spesifiek na die plaas Skietpad gaan, want volgens hom is die grafte op daardie deel. Alhoewel hy aanvanklik beweer het dat dit op die plaas Blinkwater is. Toe hulle op die plaas Skietpad by twee grafte aankom word

dit deur 'n persoon saam met die kommissaris uitgewys as die grafte. Mnr. Roux vra toe aan die persoon wie volgens hom daar begrawe lê. Die kommissaris beveel die persoon om nie die vraag te beantwoord nie. Na 'n rukkie en op mnr. Roux se aandrang sê hy dat 'n sekere Andries Skosana daar begrawe is. Eienaardig genoeg het 'n ander kommissaris, ook van die Witbankkantoor af met twee broers, Motsweni, daar aangekom en hulle het beweer dat hulle pa en ma (Motsweni) daar begrawe is.

Die eersgenoemde Kommissaris se besoek aan die plaas Blinkwater, wat met groot fanfare aangekondig is, het toe op niks uitgeloop nie. Na sy besoek aan mnr. Roux wou die kommissaris, sonder enige afspraak of aankondiging by twee ander boere gaan besoek aflê.

Mnr. Roux se groot frustrasie is dat die Kommissaris weier om die lêer met die nodige inligting aan hom te voorsien. Mnr. Roux moet nou teen groot onkoste, elke twee weke 'n brief aan die kommissaris laat skryf om die nodige inligting aan hulle te voorsien. Volgens mnr. Roux kry mens die indruk dat die politici allerhande beloftes wat hoegenaamd nie haalbaar is nie aan mense maak. Boonop leef daar 'n persepsie by die mense dat boere skatryk is. Vir die deursnee lid van die gemeenskap dui 'n trop beeste daarop dat die eienaar van hierdie beeste skatryk moet wees. Die algemene klage is ook dat groot stukke grond wat alreeds aan opkomende boere beskikbaar gemaak is totaal onproduktief lê.

Die regering gee hoog op oor versoening en nasiebou, maar die hantering van grondeise deur die amptenary werk presies die teenoorgestelde.

B 4 Verslag van Mnr. Marius Botha oor sy belewenis van 'n grondeis op 'n deel van die plaas Kafferskraal, naby Stoffberg en ook op die plaas Buffelshoek in die distrik Lydenburg in Mpumalanga

Hierdie eis is een van die heel eerste grondeise wat ge-gazette is en dit begin reeds ongeveer in 1997. Die plaas Kafferskraal is opgedeel in drie dele wat op daardie stadium in besit was van mnre. Marius Botha, Nico Prinsloo en Dirk Badenhorst.

Agtergrond: Hierdie plaas het reeds in 1883 behoort aan 'n sekere Korf. Korf se een dogter is destyds getroud met 'n Botha wat 'n gedeelte, 630Ha groot van sy skoon-vader erf. Van die ander gedeeltes van die plaas is mettertyd deur die Korf-familie verkoop aan 'n sekere Gough en Henwood. Ongeveer in 1923 wou Henwood sy deel van die grond verkoop aan 'n groep swartmense wat destyds op die grond gewoon het. Die destydse Bantoe-kommissaris het egter geweier dat die verkoop mag plaasvind. Dit was destyds die gebruik dat Swartmense as kontrakarbeiders op plase kon woon. In ruil vir die reg om daar te woon, moes hulle dan hulle arbeid teen vergoeding aan die eienaar van die grond beskikbaar stel. Grond- en oppervlakwater het stelselmatig op die plaas Kafferskraal minder geword. Dit het meegebring dat baie van die Swartmense uit eie beweging van die plaas af weggetrek het.

Die wet wat tans bepaal of 'n grondeis geldig is, of nie, kom kortliks op die volgende neer:

1. 'n Gemeenskap moes die reg hê op die grond.
2. Die gemeenskap moes gedwonge van die grond verskuif word. Dit moes derhalwe 'n politieke verskuiwing wees).
3. Die verskuiwing moes ook sonder enige vergoeding geskied het.

Mnre. Botha, Prinsloo en Badenhorst het hulle na die Grondeisehof gewend waar 'n regter bepaal het dat as daar twee of meer gesinne op 'n plaas gewoon het, dan kan dit beskou word as 'n gemeenskap. Die saak word teen die grondeienaars beslis.

Die grondeienaars besluit om die saak in die appèl hof te beveg. Met die hulp van die plaaslike blanke gemeenskap wat bykans R150 000 tot die koste van die saak bygedra het, word die saak

verder geneem. Die appèl hof beslis dat die gemeenskap destyds wel vergoeding ontvang het. Met ander woorde in die saak word hierdie keer teen die eisers beslis. Intussen het mnr. Badenhorst hom aan die appèl hofsaak onttrek en sy deel van die grond aan die staat verkoop. Uit die aard van die saak voel mnr. Botha dat hierdie optrede van mnr. Badenhorst die ander twee eienaars se saak, wat weer in die Grondeisehof verhoor moet word, ernstig benadeel en ver-swak. By die volgende verskyning in die Grondeisehof moet die hof bepaal of die gemeenskap destyds voldoende vergoeding ontvang het, of nie. Die saak is op die hofrol geplaas vir die week 21 tot 25 Augustus.

Gedurende hierdie tyd kom 'n ander plaas, Buffelshoek in die Lydenburgdistrik wat ook aan mnr. Botha behoort, ter sprake. Dit was vroeër jare die gebruik dat boere 'n plaas, of 'n gedeelte van 'n plaas afsonder waar sy arbeiders dan kan woon. In ruil hiervoor moes die Swartmense dan hulle arbeid aan die boer verkoop. Met die koms van die nuwe bedeling na 1994 wou die Swartmense nie meer hulle oorspronklike ooreenkoms met mnr. Botha gestand doen nie. Die Swartmense wat op die plaas gewoon het, stig toe 'n Trust met die doel om die plaas van mnr. Botha te koop. In hierdie proses kry mnr. Botha kennis dat daar 'n grondeis op die plaas is. In die jaar 2003 word die grondeis geskik en afgehandel. Die Trust maak toe met behulp van 'n koopbrief deur die staat 'n aanbod aan mnr... Botha om die plaas te koop teen R800 per hektaar. 'n Eienaardigheid is dat daar geen betaaldatum op die koopbrief voor-kom nie. Nadat mnr. Botha met verskillende persone gekonsulteer het, besluit hy toe maar om tog die koopbrief te onderteken. Sedertdien het nog niks gebeur om die saak na een kant of die ander kant toe te beweeg nie.

Tydens 'n vergadering met belanghebbendes by die bou van die De Hoopdam in die Steelpoortrivier, ontmoet mnr. Botha 'n man wat beweer dat hy 'n grondeise-prokureur is. In 'n gesprek met hierdie prokureur beklae mnr. Botha sy lot dat daar geen beweging in die saak is nie en ook dat dit darem onbillik is om nog steeds by dieselfde prys per hektaar te wil bly. Die prokureur bied uit sy eie aan om beslis te sorg dat die prys per hektaar aangepas sal word na R1000 per hektaar toe. Hierdie gesprek het plaasgevind op 'n Vrydag en hy was so oortuigend dat hy selfs sy kantoor-telefoonnommer aan mnr. Botha verskaf het. Die volgende Maandag toe mnr. Botha probeer om die gesprek op te volg, moes hy verneem dat hierdie persoon bedank het en niks meer met die saak te doen het nie. Sedertdien staan alles doodstil en die indruk word gewek dat alles gewoon doodgeswyg kan word.

Dit is 'n feit dat hierdie grondeise 'n geweldige emosionele saak is. Wat die saak vir die boere en grondeienaars egter baie bemoeilik, is die feit dat die staat aan die een kant uitsprake maak soos die volgende: *Dit was eintlik die staat wat in die verlede fouteer het, deur toe te laat dat die grond van die gemeenskappe weggeneem word en in die hande van die blanke boere te laat beland.* In die huidige situasie staan die grondeienaar egter in die “beskuldigdebank” en moet hy alle regskoste self dra terwyl die eisers aan die ander kant geen uitgawes het nie. Verder het die grond-eienaar die gevoel dat die saak van die begin af swaar gelaai word teen hom, want die politici en amptenare maak allerhande beloftes aan mense en uiteindelik moet hierdie beloftes uitgevoer word. Nou lyk dit vir die huidige grondeienaars of dit ten koste van hulle gedoen gaan word.

C BESINNING VIR GEMEENTELIKE BEDIENING T.O.V. DIE EISE WAT DIE GRONDEISEPROSES STEL.

DIENSGROEP AANBIDDING.

Verhouding met God - Aanbidding

Een: *Herbesoek ons eie waardesisteem: Toets dit aan die Skrif, bevestig ons eie identiteit as Kerk in die lig van die Skrif en Belydenis. Wys die verskille uit met ander waardesisteme en wêreldbeskouings.*

*Twee: Gebed: Besin oor die plek en rol van **gebed**, maar ook oor hoe en wat ons moet bid in 'n tyd soos hierdie.*

Psalm 20 spreek die wens uit dat die Here jou gebede sal verhoor as dit met jou swaar gaan. Ons as hele Kerk bid saam met die landbougemeenskap, dat die Here spesiaal ons blanke boere sal help en bystaan.

Biddag reël. Begin by gebed. Landwye voorbidding.

*Drie: Ondersoek voor God ons eie **gesindheid**: Ons bereidheid tot selfondersoek en vergifnis, ons eie onverdraagsaamheid en selfsug, ons strewe na vrede en versoening, ensovoorts.*

Op platteland is daar ontsaglik baie woede, bitterheid en angs oor hierdie saak. Dit maak mense ook baie negatief oor Kerkhereniging – want dit is nog 'n stuk sekuriteit wat van hulle weggeneem word. Moet asseblief nie Kerkeenheid afforseer op gemeentes nie!

Die vraag hier vir onself gevra of ons werklik vanuit kerklike oogpunt met 'n suiwer godsdienstige perspektief objektief oor grondhervorming kan besin. Grondhervorming is onbegryplik oor wat regtig gebeur, as jy dit nie aan jou lyf voel nie.

Ons het onself ook afgevra of dit wel moontlik is om uit 'n suiwer godsdienstige oogpunt te kyk? Plaashervorming het 'n politieke kleur. Kan ons dit godsdienstig antwoord, as ons met ons politieke bril daarna kyk? Die Kerkvereniging gesprek is ook relevant. Die uitkoms van enige verslag sal ook anders wees, as ons ons kulturele bril opsit. Ons kan almal saampraat maar onderlinge verdeeldheid en dislojaliteit word nie uitgespreek of erken nie, maar daar kan nie daarvan ontsnap word nie. Wat sleg is dat gelowiges mekaar ook in die proses beduiwel.

Vervreemding tussen mense het 'n impak op Kerkhereniging. Boere ervaar baie woede en dit bring weer politieke spanning tussen wit en swart. Verharding tree in by wittes – koppeling gedoen met kwessies soos behoud van Afrikaans op skole, universiteite ensovoorts, werksverlies onder jong wit mense.

Grondeise is 'n praktyk wat die NG Kerk nie kan verander nie. As Kerk sal ons gemeentede moet lei en bystaan in die hele proses. Ons sal ook die nodige ondersteuningstelsel in plek moet kry.

*Vier: Roepingsbewustheid: Kyk na die uitoefening van ons **roeping** en die ontneming van die geleentheid om ons roeping uit te oefen en so sin of*

betekenis aan ons bestaan te gee. (Boere wat hulle plase verloor, mense wat hulle werk verloor.)

Martin Luther het by geleentheid op 'n vraag wat hy sou doen as die wederkoms môre is geantwoord: Dan plant ek vandag nog 'n boom tot eer van God.

Vyf: *Ervaring van onsekerheid en **verlies** aan sekuriteit. Watter rol speel geloof in ons lewe?*

Ses: ***Waarom**-vrae: Die worsteling met God oor die waaroms en die hoekoms van die lewe. Mense ervaar verwerping en 'n gevoel dat God en die Kerk hulle in die steek laat.*

Sewe: *Woordverkondiging: Hoedanig behoort die **Woordverkondiging** of prediking in die tyd te wees?*

Die wisselwerking enersyds van op die Here vertrou en andersyds ons eie verantwoordelikheid om voorsiening te maak, kan in die prediking aangespreek word. In ons prediking beklemtoon ons hoe getrou God is, maar soos die Psalm digter in Psalm 20 saambid: “Mag Hy vir jou gee, wat jy graag wil hê. Mag Hy jou planne suksesvol laat wees.”

Die vergadering is dit eens dat daar nie eintlik meer Psalms gepreek word nie, omdat dit te goed gaan met ons. In 'n tyd soos hierdie kan Psalm meer gepreek word.

“O Here,” kla die een wat Psalm 10 geskryf het, “waarom staan U so ver weg en hou U verborge in tye van benoudheid?” Hy het nog voor die einde van die Psalm agtergekom dat dit nie waar is nie. God is nie net in die pragtige sonskyn, en in die sagte stilte nie. Hy is ook in die storms, trouens dit is uit die storm dat Hy Job uiteindelik antwoord. Die Psalm digter weet: God is nie net in ons vrolikheid en lente nie – Hy is ook in ons pyn. Die skrywer van die Psalm sê dat hy verbrysel is, en Job het op die ashoop gesit, gestroop tot die essensiële. En eers op hierdie punt.....Eers toe kon die gesprek met God waarlik begin. Op hierdie punt kom God en stap saam met jou...Vertrou Hom met jou pad. Die Psalm digter weet: God is nie net in ons vrolikheid en lente nie – Hy is ook in ons pyn. En eers op hierdie punt.....Eers toe kon die gesprek met God waarlik begin. Op hierdie punt kom God en stap saam met jou...

Hoe bemark jy hierdie boodskap?

- Saamstel van werkgroep wat uit kundiges bestaan wat spesiaal vir ons in hierdie tyd eksegeese daarstel soos “Woordwyser” om predikers te help en toe te rus.
- Pastorale leiding en skrifgerigte ondersteuning aan lidmate – Sinode neem leiding.
- Bitterheid, haat, negatiwiteit moet ontlont word, anders is kinders, boere, gemeenskap negatief

Agt: ***Liturgiese** saamwees: Hoe kan die erediens ingerig word om mense te ondersteun en te begelei te midde van hulle omstandighede?*

Nege: **Persoonlike** toewyding en begeleiding: Hoe kan lidmate begelei word om in die lig van die Bybelse Boodskap na hulle omstandighede te kyk en dit te hanteer?

Tien: **Godsbegrip**: Hoe ervaar (en gebruik) mense God in krisistye? Job se krisis en worsteling het sy ervaring van God verander.

DIENSGROEP GETUIENIS.

Eerste verslag

Een: Die duidelikste getuienis is om ook in krisistye getrou te bly aan die Bybelse eise deur met **integriteit** op te tree.

Twee: Vat hande met **ander** Christene en Kerke met die oog op 'n gemeenskaplike getuienis in die gemeenskap.

Drie: Sorg dat die nodige en toepaslike inligting voortdurend aan alle belanghebbendes **gekommunikeer** word. Kommunikeer duidelik en verstaanbaar. Maak gebruik van verskillende mediums van kommunikasie.

Vier: Skakel met ander mense en **organisasies** in die gemeenskap wat dieselfde doel nastreef en waar daar gemeenskaplike waardes is. Ontgin en skep verskillende forums. Bou verhoudings met nuwe rolspelers. Dit is dikwels van meer waarde van wie jy ken en wat jou ken.

Vyf: Spel die sosiale en ekonomiese **gevolge** uit wat die verlies van die kommersiële landbou op die gemeenskap het.

Ses: Gebruik **bestaande** meganismes: Handves vir menseregte, politieke beleid, die regstelsel, ensovoorts.

Sewe: Wys die **misbruik** van mag, korrupsie, intimidasie en bedrog uit as die uitwasse van die proses van grondhervorming.

Agt: Tree met **integriteit** op deurdat bewys daarvan gelewer word, dat die belange van die koninkryk van God steeds groter is as eiebelang.

Nege: Sien toe dat **reg** en geregtigheid geskied, deur aandag te gee aan:

Die destruktiewe rol van onbevoegde amptenare.

Die billike voortbestaan van 'n volhoubare landbou wat ook die nuwe grondeienaars insluit.

Deur in te val by neergelegde prosedures en wetgewing.

Tien: *Skep geleenthede van kommunikasie en begrip, sodat die rolspelers nie buite hoorafstand van mekaar kom en totaal vervreemd raak nie.*

Elf: *Bou verhoudings op plaaslike en provinsiale vlak met verskillende rolspelers.*

Twaalf: *Lewer getuienis in die kerkverband deur verslaggewing. Die verslag aan die Moderamen moet ondersteun en voorgedra word deur persone wat op plaaslike vlak self betrokke is by die gebeure en saamgewerk het aan ons verslag.*

Dertien: *Dit is belangrik dat vroue en die jeug (jonger mense) ook by die gesprek betrek word en deel vorm van die Diensgroep.*

Tweede verslag

- Landbou moet werk met die fokus van volhoubaarheid.
- Ons moet die meningvormers van die regering kan beïnvloed; wanpersepsies aan spreek soos dat byvoorbeeld die grondeienaars die rykes is. Ons moet op eie provinsies fokus, die realiteite van boerdery moet onder die owerheid se aandag gebring word.
- Persepsies by die publiek moet aangespreek word. Dit sluit stedelinge in.
- Die waarde moet gevestig word: as jy nie eienaarskap van grond het nie, kan jy nie verantwoordelikheid vir landbou aanvaar nie.
- Die saak dat die regering die boere uitsonder as onderdrukkers moet aangespreek word. Dit is strukturele verontmensliking van ons lidmate deur die regering. Byvoorbeeld – daar word gefokus op die 20,000 plaaswerkers uit Zimbabwe wat permitte moet hê, maar nie op die miljoene wat die land onwettig binnekom nie.
- Die saak moet nie net uit die landbouhoek aangespreek word nie.
- Die regsak: die omvang van die grondeise word nie deur die regering of aangedui of aangespreek nie. Die regering staan as 'n party volgens sy eie wette korrupt optree, maar die boergemeenskap moet leef volgens die letter van die wet.
- Die funksie van die kerk is om die onreg aan te spreek. Onreg moet op 'n duidelike wyse direk aangespreek word, konflik vermyding is nie meer haalbaar nie. Die kerk moet 'n openbare posisie inneem. Die strategie van positiewe betrokkenheid is uitgedien.
- Die kerk het met hierdie saak 'n protesfase binne gegaan. Dit moet ook intrakerklik gekommunikeer word. Die Algemene Sinode moet agterkom wat in gemeentes gebeur.
- Die gemaksone waarin die mense hulle self stel dat die etiese en onreg van hierdie saak hulle nie raak nie omdat hulle nie betrokke voel nie, moet aangespreek word.
- Daar bestaan 'n algemene indruk dat persone met kerklike gesag die regering met sagte hande hanteer. Dit lê die gemeenskap lam.

- Daar moet meganismes van verslaggewing geskep word.
- Daar moet gekwalifiseer word wat die effek van die proses is. Dit is 'n akademiese uitdaging dat die geheelbeeld op die tafel moet kom.
- Daar is 'n behoefte vir 'n webwerf om hierdie saak te kommunikeer. Die kommunikasie moet internasionaal wees. Wat ervaar word moet gekommunikeer word.
- Ons moet op die gronde bly staan dat die Bybel sê dat die onreg verkeerd is.

DIENSGROEP ONDERLINGE SORG

Verhouding met mekaar – Onderlinge Sorg

Een: *Ontwikkel 'n "**teologie** van omgee" wat in die praktyk omgesit word.*

Twee: *Wanneer grondeise geregistreer word, bring dit onmiddellik onsekerheid wat veroorsaak dat 'n gemeenskap **disfunksioneel** word. Mense begin veg vir oorlewing en dit lei tot die openbare benadeling van ander mense in die gemeenskap. 'n Proses van losmaking begin en dit kan lei tot 'n losmaking van alle bande wat jou bind. Die gevolg is dikwels eensaamheid en isolasie (vervreemding). Dit is baie sleg vir alle verhoudings. Die ervaring is soortgelyk aan die van 'n rouproses.*

Drie: *Daar moet begrip wees vir mense se **behoefte**s (geestelik, emosioneel en geestelik). Die werklike aard van die behoeftes kan alleen gepeil word deur gespreksgeleentheid te skep – sowel individueel en gesamentlik.*

Vier: *Wees bedag op die "**Masada**-sindroom." Wanneer mense 'n magsverlies ervaar, kan hulle hulleself onttrek en uiteindelik self uitwis.*

Vyf: *Bring en hou mense bymekaar op grond van **eenheid** van Christus ondanks en ten spyte van verskille.*

Ses: *Betrek die **geloofsgemeenskap** om mekaar te ondersteun. Dit is nie net die dominee se taak nie. Hy kan help om die leiding te neem.*

Sewe: *Laat mense ervaar dat hulle **nie slagoffers** is nie. Ten spyte van die skynbaar onafwendbare, het mense 'n keuse en bly hulle deelnemers aan 'n proses waarin elkeen kragtens sy/haar eie insig 'n rol kan speel.*

Agt: *Help mekaar om nuwe en **kreatiewe** moontlikhede te ontgin en om binne die nuwe spelreëls aan die prosesse in die samelewing deel te neem.*

Nege: Kweek **wedersydse** begrip vir mekaar: Stedelinge vir die boeregemeenskap, lidmate vir mekaar. Dit kan gedoen word, deur eerlike en onbevooroordeeld na mekaar se verhale te luister.

Tien: Aangesien daar **Christene** aan beide kante van die spektrum is (grondbesitters en grondeisers; mense wat verkies om te verkoop en wat verkies om te bly), moet daar steeds gewerk word aan ons verhouding met mekaar.

Elf: Die hele proses rondom **kerkhereniging** word hierdeur geraak. Wat is die negatiewe en positiewe aspekte van die proses met betrekking tot grondhervorming?

Twaalf: Die **voorbestaan** van gemeentes is op die spel. Watter rol kan die kerkverband in die verband speel?

Dertien: Skep en onderhou ondersteuningsisteme in die gemeenskap: Hoe kan mense mekaar ondersteun? Daar wees vir mekaar? Gespesialiseerde hulp verleen?

Dertien: Hoewel daar onsekerheid is oor die uitkoms van die proses, moet daar begeleiding gegee en indien nodig gespesialiseerde hulp verleen word aan: **Bejaardes, Beroepsmense (boere), Gesinne wat onder die druk ly en verbrokkel, Spesiale aandag aan kinders.**